HET JAN MARAIS
NATIONALE FONDS

# FINANSIËLE JAAR 2011-2012

## VOORSITTERSVERSLAG

Gelewer op 18 September 2012

HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

## ALGEMEEN

Jan Marais se testamentêre opdrag van 1915 aan die trustees van hierdie Fonds bly vandag nog net so relevant soos destyds, ten spyte van die vele en ingrypende veranderinge in ons land.

Die trustees probeer om aan die gees daarvan uitvoering te gee: deur die bevordering van die belange van die hele Afrikaanssprekende gemeenskap van Suid-Afrika, met voorkeur aan dié in die distrik Stellenbosch, bevorder ons terselfdertyd die belange van alle landgenote omdat Afrikaanssprekendes 'n onlosmaaklike deel van Suid-Afrika is.

Daar is rede tot kommer oor die huidige toestand van ons land: 'n rigtinglose regering, diep gewortelde korrupsie, 'n reusegaping tussen ryk en arm, en geen vooruitgang met die vermindering van werksloosheid nie. Simptomaties hiervan is die skokkende onlangse gebeure op die mynvelde by Rustenburg.

Ook die belange van ons land se Afrikaanssprekendes word deur die regering verwaarloos en selfs misken. Dit is geen rede om moedeloos te raak nie, maar moet eerder 'n aansporing wees tot selfhelp en samewerking, met die ondersteuning van organisasies soos Het Jan Marais Nationale Fonds, vir wie die uitdagings steeds groter word.

Gelukkig gaan dit relatief goed in ons dorp en distrik, en in die Wes-Kaap as provinsie. Nietemin is daar geen rede tot gerustheid nie: daar bly groot armoede, veral in die bruin gemeenskappe op die Kaapse vlakte, met die situasie wat vererger word deur dwelmmisbruik en bendegeweld.

## FINANSIES

Ten spyte van al die huidige internasionale ekonomiese onsekerhede, veroorsaak veral deur die krisis in die Eurosone, en die reeds genoemde nasionale politieke vrae, was die finansiële jaar tot 28 Februarie 2012 weer eens 'n goeie een vir Het Jan Marais Nationale Fonds.

Die Fonds kon die afgelope jaar afsluit met 'n batige saldo van meer as R766 miljoen ('n driekwart miljard rand), 'n verdere rekord in sy bestaan. Ook het die Fonds se inkomstestaat weer 'n styging vir die jaar getoon (van R16,2 miljoen na R20,7 miljoen, eweneens 'n rekordbedrag).

Die bevredigende inkomsteposisie het die trustees in staat gestel om skenkings ten bedrae van R13 miljoen te maak, 'n styging vergeleke met die vorige jaar se R11,5 miljoen. Soos reeds gesê, kon dit gedoen word sonder om die groei van die Fonds se kapitaal te benadeel.

## DANKWOORDE

Ek my besondere dank teenoor ons batebestuurders tot einde 2011, naamlik BoE Aandelemakelaars verteenwoordig deur mnr HJ (Mof) Terreblanche, en Allan Grey verteenwoordig deur mnr Gerrit le Roux van Advantage Batebestuurders, uitspreek. Hulle beleggingsprestasies in moeilike markte was goed en ons verhouding met hulle uitstekend.

'n Deeglike beoordeling van die twee bestuurders se prestasies is in die tweede helfte van 2011 onderneem, waarna die trustees besluit het om BoE weer aan te stel, maar om Allan Gray deur Coronation Batebestuurders te vervang. Die twee bestuurders is elk vir 50% van die portefeulje verantwoordelik, en die aanstelling is in beginsel weer vir drie jaar.

Hartelike dank ook aan ons ouditeure, die Stellenbosse kantoor van PriceWaterhouseCoopers, en aan ons sekretaris, mnr Danie van den Berg, vir die bestuur van en toesig oor die Fonds se administrasie en geldsake.

Weer eens moet ek my dank teenoor elkeen van die trustees individueel vir hulle bydraes uitspreek. Daar was in die afgelope jaar gelukkig geen wysiging in die geledere van die trustees nie, wat die onderlinge verstandhouding en die kontinuïteit van ons aksies te goede gekom het.

## ANDER SAKE

Die webwerf van die Fonds sal binnekort begin funksioneer, waarmee die Fonds die elektroniese era volkome sal betree.

Die doel van hierdie elektroniese gesig van die Fonds is tweeledig:

1. die bekendstelling van die Fonds en dit wat hy doen aan ‘n breër groep belangstellendes; en
2. om dit makliker te maak om met die bestuur van die Fonds te kommunikeer ten opsigte van navrae, aansoeke en verslagdoening.

My dank in hierdie verband aan mev Erna Meaker en mnr Ben Vermaas.

## PAD VORENTOE

Die trustees sal  moet voortgaan om die Fonds se finansiële grondslag vir die lang termyn stabiel te probeer hou.

Aan die ander kant neem die kulturele en maatskaplike behoeftes in ons gemeenskap elke dag toe, veral weens die onvermoë van soveel owerheidsinstellings. Ons sal dus seker moet maak dat die strewe na finansiële stabiliteit nie tot stagnasie in die uitvoering van ons opdrag lei nie. Dit gaan voortgesette wysheid van die trustees verg.

**A H VAN WYK**
16 September 2012